**Onderskei jy die Here Jesus?**

**Joh 11:45-12:11**

**31 Augustus 2025**

1. Vantevore: Ons word voortdurend herinner aan die dood. Die dood is ‘n tragiese werklikheid. Die Here Jesus was ontsteld oor almal wat huil by Lasarus se graf – Hy wek Lasarus op uit die dood – en demonstreer “Ek is die opstanding en die lewe”. Die wat in Hom glo, sal lewe, al sterf hulle. Die wat in Hom glo, sal nie die tweede dood sterf nie..
2. Die sameswering teen die Here Jesus deur die Joodse leiers (Joh 11:45-57)
   a. Sommige Jode glo in die Here Jesus, ander gaan vertel die Fariseërs (v45-46)
   b. Noodvergadering van Sanhedrin: “Wat gaan ons maak?” (v47-48)
      - Erken die Here Jesus doen wondertekens
      - Bekommerd dit kan tot opstand lei, en tot hulle ondergang
   c. Kajafas (hoëpriester van 18-36nC) se uitspraak (v49-52)
      - Voordelig as een, die Here Jesus, vir die volk sterf – kan opstand voorkom, kan selfs Jode in verstrooiing verenig
      - Kajafas het onwetend geprofeteer, al het hy nie self behoorlik verstaan nie
      - Die Here Jesus se dood is tot voordeel vir die wat glo, sal aanleiding gee tot een kudde van gelowiges uit Jodedom en heidennasies (vgl Joh 10:16)
   d. Sanhedrin besluit die Here Jesus moet sterf (v53, 57)
      - Onbewus dat Sy sterwe sal lei tot vestiging van God se koninkryk met die Here Jesus as die Koning
   e. Selfs vandag dra wêreldleiers se besluite by tot die realisering van God se plan
3. Maria salf die Here Jesus met uiters kosbare olie (Joh 12:1-11)
   a. 6 dae voor die Pasga waartydens die Here Jesus sou sterf (v1)
   b. Martha, Maria, Lasarus hou maaltyd vir die Here Jesus in Betanië (v2)
   c. Maria salf die Here Jesus met baie en kosbare nardusolie (v3, 5)
   d. Al 4 evangelies beskryf salwing van die Here Jesus deur ‘n vrou (Mat 26:6 ev, Mark 14:3 ev, Luk 7:36 ev, Joh 12:1 ev)
      - Lukas beskryf ‘n ander insident
      - Mattheus, Markus en Johannes beskryf dieselfde insident
         - Grootste verskil: salwing van kop (Mat, Mark) of voete (Joh) – waarskynlik voldoende olie om hele liggaam te salf
   e. Judas Iskariot beskou dit as verkwisting, kwansuis bekommerd oor armes (v4-6)
   f. Die Here Jesus oordeel Maria het Sy liggaam voorberei vir Sy begrafnis (v7-8)
   g. Maria dra onwetend by tot uitvoering van God se plan (soos Kajafas se profesie)
   h. Maria verheerlik die Here Jesus: Hy is die opstanding en die lewe
   i. Die Here Jesus is waardig om gesalf te word met duurste olie (vgl Joh 5:23, 17:2)
   j. Waarskynlik laaste geleentheid vir Maria-hulle om Hom so te verheerlik voor Sy sterwe
4. Toepassings
   a. Verdiep jou in God se geopenbaarde wil – om behoorlike onderskeidingsvermoë te leer, sinvolle besluite te neem en wêreldgebeure te kan interpreteer
   b. Onderskei behoorlik wie die Here Jesus is – en hoeveel hoër Hy is as die magtigste wêreldleier
   c. Onderskei hoe belangrik dit is dat ons God doelbewus, doelgerig en met inhoud moet verheerlik – belangriker as versorging van die armes (wat ook belangrik is)